



Mnr. Louw van Reenen

FOTO: BEEFMASTER



Mnr. Mecki Schneider

FOTO: VERSKAF

Planne vir beter dieregesondheid en naspeurbaarheid blý tameletjie

DIE tekort aan entstowwe vir ekonomies belangrike vee-siektes, die noodsaaklikheid van 'n naspeurbaarheidstelsel vir behoorlike beheer oor die re en die goue uitvoerder wat die regte aksies in Suid-Afrika vir veeboere kan ontsluit, het gesprekke in die veebedryf gedurende 2021 oorheers.

Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP) het telkens onder skoot gekom omdat hy weens verskeie probleme nie noodsaaklike entstowwe kan vervaardig nie.

Talle entstowwe is van deurslaggewende belang vir die lewendehawe-bedryf omdat sekere siektes nie behandelbaar is as die diere eers siek geword het nie. Voorkomende inenting is nodig teen veral Afrika-perdesiekte, slenkdaalkoors, hartwater en galsiekte.

NUWELING

Daarom was die bekendstelling van 'n nuwe multi-komponent-entstof wat agt verskillende siektes by beeste doeltreffend voorkom, Clos-

trivax B (reg.nr. G4483) deur die private entstofvervaardiger Design Biologix van Pretoria einde vanjaar soos manna uit die hemel.

Dit voorkom enterotoksemie, lamsiekte, dikkop, aansteeklike nekrotiese hepatitis, sponssiekte, skielike dood-sindroom, kwaadaardige edeem en bees-respiratoriese siekte. Die maatskappy het reeds aansoeke om registrasie vir nóg entstowwe by die departement van landbou ingedien.

Mnr. Mecki Schneider, voorsitter van die Lewendehawe-registrerende Federasie (LRF), het op die jaarlikse LRF-Veeskool gesê die bestryding van veesiektes moet op 'n streekbasis deur die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap gepak word om werklik suksesvol te wees.

As die bestuur van gevaarlike siektes nie op 'n gekoördineerde wyse plaasvind nie, hou die een land 'n gevaar vir sy buurlande in.

Dit beklemtoon ook die belangrikheid van naspeurbaar-

heid. Alle beesboere, van die klein, kommunale boer tot die groot, kommersiële produsent, sal baat vind by die inwerkingstelling van 'n vee-identifikasie-en-naspeurbaarheidstelsel (LITS SA) in Suid-Afrika, was die mening van mnr. Louw van Reenen, voorsitter van die Voerkraalvereniging en Rooivleisbedryfsforum. Die stelsel sukkel egter om van die grond af te kom. Daar sal van boere verwag word om amptelike oorplaatjies (verkieklik die met radio-frekwensievermoë) te gebruik.

VOORDEEL

Die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP) sê in sy jaarlikse verslag dat die vleisbeesektor met die LITS SA die potensiaal het om 'n bykomende bydrae van R8,3 miljard oor die volgende dekade tot landbouproduksie se bruto waarde te lewer.

Daarvan sal die meeste groei met uitvoer wees indien dit van die huidige 5% tot 24% verhoog kan word, wat R7,4 miljard se

inkomste sal beteken. Opkomende produsente sal ook baat vind deur die verskaffing van méér speenkalwers.

Dié belowende toekoms hang egter grootliks af van deeglike naspeurbaarheid, vee-identifikasie en biosekerheid. Die beesbedryf se bydrae van 12% is die tweede grootste tot die landboumandjie en die beesbedryf se bruto nasionale produk het die afgelope dekade met gemiddeld 10% gestyg.

Nogtans word die beesbedryf steeds as 'n sluimerende reus beskou.

– CHARL VAN ROOYEN

Wes-Kaap uiteindelik uitgereik ná voortdurende druk op die regering. Voor dit, in April, het die Wes-Kaapse departement van landbou sowat 1 115 boere in uiters droogtegeësterde gebiede met voerskenkings van R12,2 miljoen ondersteun.

Ramphulporganisasies het betrokke geraak, onder meer by 'n projek in die Karoo wat gedryf is deur 'n aantal oud-Springbok-

ke en rugbybekendes saam met die boerderynetwerk Saai.

OORSTROMINGS

Nadat grootskaalse oorstromings langs die Benede-Oranjerivier reeds in Februarie vanjaar net-net vrygespring is omdat die Vaaldam taamlik leeg was en baie water kon opvang, het mnr. Johan van den Berg, onafhanklike landbouweerkundige,

in November gewaarsku daar is hierdie somer 'n bogemiddelde kans vir nog oorstromings en skade, veral stroomaf van groot opgaardamme.

BRANDE

Wegholveldbrande was in 2021 wéér 'n groot probleem. Teen middel Oktober het brande, waarvan sommige vermoedelik deur brandstigting veroorsaak

is, binne twee maande reeds meer as 455 000 ha in die Noord-Kaap verwoes. Binne drie dae is 144 000 ha tussen Kimberley, Douglas en Jacobsdal verswelg.

Teen einde September is meer as 446 000 ha ook reeds in Noordwes afgebrand. Daar was bykans geen ondersteuning met brandbestryding van plaaslike owerhede nie.

– NICO VAN BURICK